# Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

*Rietfluit familiebrief November / Desember 2007*

## 2007 is die jaar van praktiese Christenskap

### Seënwense vir elke lidmaat

*Dankie vir u uitlewing van 24/7 Christen-wees in 2007 om so 'n lig in die wêreld te wees.*
*Mag jy hierdie feestyd bewus word van God se spesiale liefde vir jou . Mag jy hierdie feestyd die Kind van die krip, as Koning van jou lewe ervaar.*

*Ons bid jou al God se goeie gawes toe en mag God Sy doel in 2008 in en deur jou lewe bereik!*

*Die Leraargesinne*



**Desember Program**

Son 2 Des –
9:00 Oggenddiens
18:30 Aanddiens
Son 9 Des –
9:00 Oggenddiens
18:30 Aanddiens
Son 16 Des – 9:00 Geloftediens (spesiale dankoffer vir Bybelverspreiding)
Son 23 Des - 9:00 Oggenddiens
Dinsdag 25 Des
8:00 Kersdiens (spesiale kersoffer Jakaranda Kinderhuis Huis 4)
Son 30 Des
9:00 Oggenddiens
Maandag 31 Des
18:00 Oujaarsdiens



*Gebed met Kersfees*

*Dankie Here, dat U ons so liefgehad het dat U op so 'n praktiese wyse, duidelike en spesifieke wyse gekom het. Dankie dat U die taal gevind het wat almal kan verstaan; En dankie, vir die ontroerende nederigheid wat die grondslag van u majesteit is. Dit is waarom elke knie voor die Naam van Jesus sal buig.*

### KINDER KERSGEBEDE


Liewe Jesus, Dankie vir my baba boetie, maar ek het vir 'n babahondjie gebid!
Liewe Jesus,Stuur asseblief vir my 'n ponie. Ek het nog nooit voorheen vir iets gevra nie, U kan dit maar naslaan!
Liewe Jesus, DANKIE VIR MY KAMER! Miskien sou Kain en Abel mekaar nie so doodgemaak het as hulle elkeen hulle eie kamer gehad het nie. Dit werk vir my en my broer!







# *18 November – Kerssangdiens*





Klein Shauné Jacobs het die voorreg om
tydens die Kerssangdiens gedoop te word.



*Die wens van Die***Rietfluit Redaksie*** is dat die vreugdes en hartseer van die afgelope jaar trapstene na geluk en voorspoed in 2008 sal wees.*

*Gesprekke met vriende van Jakob se Put:* Wat is volgens jou die ideale kersfees??? Dit was die vraag aan ons Jakob se Punt mensies na 'n heerlike ete saam met die gemeente van Rietfontein-Suid. Hulle het soos volg geantwoord:

*Lea Brink* sê dat vir haar die ideale Kersfees is om al die familie bymekaar te hê en gesond te wees, die res kom dan vanself… Vir Lea is gesondheid baie belangrik, sy meen dat geld nie gesondheid kan koop nie, so dit maak nie saak of jy die rykste mens of die armste mens is nie, maar as jy gesond is, is jydie gelukkigste.

*Daan Bodenstein* het die vraag uit 'n ander oogpunt benader hy het gesê: "as iemand vir my sou sê dat ek net 6 maande oor het sal ek baie graag meer tyd saam met my geliefdes wil deurbring". Vir hom is dit ook uiters belangrik om Kersfees saam met die mense deurtebring vir wie hy liefhet.

*Mariette Marnevick:* "Dis belangrik dat ons weet hoekom Kersfees daar is, dat dit nie net 'n 'jolly' tyd is nie maar dat ons moet onthou dat dit Jesus se geboorte is. Ons moet seker wees dat ons lewens reg is met die Here."

*Erika Cloete* voel dat dit vir haar ook belangrik is dat haar lewe reg is met die Here en dat sy weet dat Hy by haar is vir Kersfees.

*Rynhardt Meintjies* – Vir hom is dit ook belangrik om sy seun by hom te kan hê.

*Willie Pienaar*: " 'n Lekker Kersfees vir my sal wees om saam my vrou en my kind te kan wees…**EN OM VIR IEMAND ANDERS OOK 'N LEKKER KERSFEES TE GEE.**" Dit was vir my "Wow"!! toe hy dit sê, 'n rukkie daarna sê ook vir my dat dit sal hom nie doodmaak om vir iemand anders ook te gee wat minder as hy het nie. *– Heleen de Beer (onderhoudvoerder)*



**Sendingfees 2008**

Ons hou in 2008 se Sendingfees DV vanaf So 17 – So 24 Februarie.
Martin de Lange, 'n jarelange sendeling in Turkye, het ingewillig om die hele Sendingfees waar te neem. Ons sien daarna uit om hom en sy vrou Petro by ons te ontvang.

Ons volgende Geloofsoffer-belofte vind DV plaas op So 24 Feb (vir die tydperk Maart 2008 tot Feb. 2009).

Baie dankie vir almal wat vanjaar so getrou hul geloofs-belofte nagekom het.



## *Jy maak 'n verskil – Vrouebediening*

*Deur die inisiatief van Brenda Barnard en gewillige hande het die manstoiletgeriewe en kombuis 'n gedaantewisseling ondergaan.*

*Met 'n pragkaartjie is elkeen wat finansieel en andersins tot die projekte van die Vrouebediening, na die 13 November-funksie uitgenooi. Wat 'n besondere afsluiting vir 'n jaar se saamstaan! Ja, letterlik iets van alles – geur, kleur, die wonderklank van musiek deur Leon Ferreira, 'n besondere verwelkoming met 'n "jy maak 'n verskil – geskenkie, en goeie geselskap. Dankie aan elkeen wat hierdie bloedrooi kersie vreugdevol op die jaar se arbeid kom plaas het, want elkeen het by hernuwing geweet: ek kan 'n verskil maak!!!!*
*…. en 'n reuse groot dankie aan Brenda - dankie vir jou omgee en harde werk en dankie vir die wonderlike dankiesê-geleentheid. Die vroue kan nie uitgepraat raak nie – jy's 'n Spreuke-vrou duisend!!*




## Maak tyd!!

Een van die mees ongelooflike waarhede met betrekking tot Kersfees is die feit dat God in ons tyd en wêreld ingekom het as mens om vir ons ware lewe te bring. God het vir ons tyd ingeruim! God het altyd tyd vir ons. Hoor wat sê Paulus:
*Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur* (Gal 4:4).

Toe 'n jong man met sy nuwe 4x4 dubbelkajuitbakkie vinnig die straat af ry het 'n harde slag hom tot stilstand gebring. Uitgespring om te kyk wat aangaan, sien hy dat 'n baksteen sy deur getref het. Toe hy 'n geskokte seun vra waarom hy die baksteen teen sy bakkie-deur gegooi het, het die seun met trane geantwoord: *Asseblief Meneer, ek is regtig jammer, maar ek het nie geweet wat anders om te doen nie. My broer wat in 'n rolstoel is het net om die draai uit sy stoel geval in die pad. Ek kan hom nie optel nie en ek was bang dat meneer hom sal raak ry.*

Die jong man was geroer deur die toneel wat voor hom afspeel. Hy het die seun se broer wat uit die rolstoel geval het opgetel en in sy rolstoel teruggesit. Die verlamde seun het hom bedank. Die jong man het nooit die duik in sy bakkiedeur laat regmaak nie, dit was 'n blywende herinnering aan hom : ***moet nooit so vinnig deur die lewe gaan dat iemand 'n baksteen na jou moet gooi om jou aandag te kry nie***.

Maak hierdie kerstyd tyd vir jou huweliksmaat, gesin en ander. Moenie wag vir een of ander soort baksteen om jou tot stilstand te bring nie.
Geniet mekaar in hierdie feestyd! *Ds Leon van Heerden*